# Wêreldbiddag vir Vroue- 2025

## Riglyne vir die leier

Liewe Leier/Koördineerder

Ons groet jou in die wonderlike naam van God Drie-enig, Vader, Seun en Heilige Gees! Die Wêreldbiddag is ‘n wêreldwye, ekumeniese beweging van Christenvroue, -mans en kinders, wat jaarliks bymekaarkom om ‘n besondere dag van gebed te vier. Regoor die wêreld (in 176 lande en streke) word dieselfde tema, met dieselfde formaat vir die diens, gebruik. Op hierdie manier word die goue draad van ons Verlossing deur Jesus Christus bevestig, ongeag waar in die wêreld ons woon of watter taal ons praat. Dit is wonderlik om deel van so ‘n besondere gebedsketting te wees. Dankie dat jy die diens vir 2025 in jou plaaslike kerk of gemeenskap organiseer en help beplan.

Ons leef tans in ‘n onstabiele en onseker wêreld en elke land het sy eie uitdagings en spanning. Die Wêreldbiddag 2025-tema herinner ons egter weereens hoe kosbaar en volmaak ons na die beeld van God geskape is.

Die Program is deur die skrywersland (Cook-Eilande), onder leiding van die Internasionale Komitee, saamgestel. Suid Afrika se Programkomitee het die program aangepas vir ons omstandighede. Die program word in SA in agt van die amptelike tale vertaal. Die program is ‘n riglyn vir die beplanning van die diens. Verkort gerus die program of pas dit aan om die styl van aanbidding en behoeftes van jou plaaslike gemeenskap te akkommodeer.

**FOKUS VAN DIE PROGRAM**

Hierdie program nooi ons uit om opnuut te ervaar hoe God elkeen van ons met besondere aandag en liefdevolle sorg geskep het. God ken ons intiem, ons is spesiaal en elkeen uniek. Wanneer ons besef dat God ons wonderlik/volmaak geskape het, verander alles in ons lewe. Ons gloei van binne, en ons begin ander mense ook as geliefde kinders van God hanteer. Die vroue van Cook-Eilande vertrou dat ons geestelik versterk sal word as ons God se liefdevolle teenwoordigheid ervaar.

**Voorstelle oor die aanbieding van die tema: " U het my volmaak geskape”.**

• Versier die tafel/liturgiese ruimte met die volgende simbole van Cook Eilande:

**Blomme**

Versier die tafel met verskillende soorte, helderkleurige blomme. Almal wat tydens die diens optree, kan blomme kranse of – krone dra. ('ei katu) Tiare Maori is die nasionale blom van die Cook-eilande en kan gebruik word, indien beskikbaar. Ander blomme wat algemeen in die Cook-eilande voorkom, is hibiskus, krisante en frangipani.

*Blomme is 'n integrale deel van Cook-eilande se identiteit, wat liefde, vriendskap en respek simboliseer. Mense dra gereeld blomkrone of blomkranse, en blomontwerpe word algeneem op Cook-Eilande se materiaal, kuns, klere en kwilte (tivaevae) uitgebeeld.*

**Blou materiaal, ‘n bak met water, skulpe**

Versier die tafel verder met blou materiaal, 'n bak water en skulpe om die see voor te stel.

*Die see is 'n integrale deel van die lewe op die Cook-eilande. Die see gee lewe. Dit is 'n bron van voedsel, deel van hulle bestaan en 'n manier om te reis. Die see (bote) bring mense en gemeenskappe bymekaar.*

**Klapperboomblare of vrugte (Coconut Tree)**

Sluit 'n foto of tekening van 'n klapperboom by die versierings in. Indien klapperblare of vrugte beskikbaar is, kan dit ook op tafel geplaas word.

*Die klapperboom word op die Cook-eilande as die "boom van die lewe" beskou, aangesien elke deel van die boom gebruik kan word. Dit verskaf kos, drank, medisyne, handwerk en boumateriaal.*

**Kano**

Gebruik ‘n kano of ‘n prentjie van 'n kano in die versiering van die saal.

*Kano's is die tradisionele voertuie waarmee Cook-eilandbewoners tussen eilande beweeg. Die kano simboliseer die vindingrykheid van hul Polinesiese voorouers wat die kano ontwerp het.*

**Bybel**

Plaas 'n Bybel oopgemaak by Psalm 139:14 op die tafel

- **Voor die diens:** Lui die kerkklok voor die diens. Gee aan elkeen wat die diens bywoon 'n blom. (*dit sal tydens die refleksie gebruik word)*
- Voor die diens en tydens die prosessie kan musiek gspeel word.
- **Prosessie:** Die leiers/lesers kan aan die begin van die diens instap met mandjies vol blomme en skulpe wat hulle op die tafel uitpak.
- **Powerpoint en Musiek CD:** is by die kantoor beskikbaar om addisionele agtergrond en atmosfeer te verleen.

### Kunswerk op die Voorblad- "U het my volmaak geskape"



**BEMARKING**

Die Biddag kan ook in werksplekke, laer- en hoërskole, Bybelstudiegroepe, dames-ontbyte, versorgingsoorde vir bejaardes, plaaswerkers ens gevier word. Moedig mense in die kerk, dorp of omgewing aan om orals dienste te hou. Volg ons FB blad vir clips, gebede, inligting, as 'n hulpmiddel of selfs virtuele dienste

**KOLLEKTE**

Die kollekte wat tydens dienste opgeneem word, is die ENIGSTE bron van inkomste vir die Wêreldbiddag. Ons doen 'n beroep op jou om die kollekte na die kantoor te stuur. Die Wêreldbiddag se Nasionale Kommittee gee jaarliks donasies, namens al die vroue van Wêreldbiddag, aan verskeie liefdadigheidsorganisasies in die onderskeie provinsies. Op die manier werk ons saam as "een in Christus."

***Indien u enige navrae het, kontak asseblief die kantoor (082 450 9305) of besoek die webwerf: www.wwdp.co.za of e-pos ons: wwdpsa@gmail.com. Ons is ook op Facebook en Instagram.***